# LAERSKOOL RYNFIELD
# PRYSUITDELINGSBELEID 2026

DIE JAARLIKSE PRYSUITDELING VIND GEDURENDE NOVEMBER/DESEMBER PLAAS.

**REëLING:** **SLEGS EEN BALKIE/LAPELWAPEN - HOOGSTE TOEKENNING - WORD PER AKTIWITEIT TOEGEKEN**

**GEEN** toekennings vir dienste bv. CSV of Noodhulp word op die prysuitdeling gemaak nie. Dit word tydens 'n saalopening gemaak en in die Nuusbrief aangekondig.
**GEEN** betaalde aktiwiteite by skool word in aanmerking geneem by die prysuitdeling nie.
**GEEN BUITE SKOOLVERBAND (stoei, dans, jukskei, sang, klubsport ens.)** aktiwiteite word in aanmerking geneem nie. Slegs **BUITEMUURSE AKTIWITEITE** wat deur die **SKOOL** aangebied word, word in aanmerking geneem.

## AKADEMIE: GRONDSLAGFASE

DIE PUNTE **VAN AL VIER KWARTALE** GELD VIR DIE TOEKENNINGS VAN DIE PRYSUITDELING.

Elke leerder van die Grondslagfase ontvang by die jaarlikse PRYSUITDELING 1 sertifikaat met die volgende op:

- Plakkers vir deelname aan sport- en kultuuraktiwiteite.
- Goeie eienskappe
- Uitsonderlike prestasies
- Akademiese prestasies

**AKADEMIESE PRESTASIES:**
Akademiese Prestasie word as volg toegeken: (Op sertifikaat vermeld en in klasverband gelees)

### AKADEMIE: GRONDSLAGFASE (GR 1 en 2):

- Leerder met 'n gemiddeld van 80% vir Afrikaans en Wiskunde afsonderlik.
  Akademiese prestasie bo 80% - Lapelwapen indien **beide** vakke bo 80% is.

### AKADEMIE: GRONDSLAGFASE (GR 3):

- Leerder met 'n gemiddeld van 80% vir Afrikaans, Engels en Wiskunde afsonderlik
  Akademiese prestasie bo 80% - Lapelwapen indien **al drie** vakke bo 80% is.

**GEEN JUNIORLEERDER ONTVANG AKADEMIESE BALKIES NIE**

DEPARTEMENTELE SA-SAMS SKEDULES WORD GEBRUIK OM PRESTASIE TE BEPAAL.

**AKADEMIE: INTERSENFASE (GR.4-6) en SENIORFASE (GR.7)**

DIE JAARLIKSE PRYSUITDELING VIND GEDURENDE NOVEMBER/DESEMBER PLAAS. DIE PUNTE VAN **AL VIER KWARTALE** GELD VIR DIE TOEKENNINGS VAN DIE PRYSUITDELING.
Akademie is die enigste afdeling waar leerders erkenning vir alle beleid vermelde prestasies ontvang.

| |
|---|
| **AKADEMIE: INTERSENFASE (GR 4 – 6):**<br><br>• Gemiddeld 80%-84% : Silwer Akademiese Balkie<br>• 3 jaar in die fase 80%-84%: Goue Akademiese Balkie<br>• Gemiddeld 85%-100% : Goue Akademiese Balkie<br>• 3 jaar deurlopend 85%-100% : Akademiese erekleure (word eenmaal toegeken)<br>• Top 10 akademiese presteerders: Trofee en Top 10 Balkie.<br>• Beste vordering per jaar: Trofee<br>Alle beste vordering toekennings word bepaal deur algehele gemiddeld - Kwartaal 1-4. Leerder moet slaag.<br>• Beste prestasie in 6 onderskeie vakke: Trofee<br>• Beste algehele prestasie per graad : Boekprys en Trofee |
| **AKADEMIE: SENIORFASE (GR 7)**<br><br>• Gemiddeld 80-84%: Silwer Balkie<br>• Gemiddeld 85%-100%: Goue Balkie<br>• Gemiddeld 85%-89% aaneenlopend Gr.4-7: Akademiese erekleure<br>• Gemiddeld 90%-100% aaneenlopend Gr 4-7: Naam op ererol en erepenning.<br>• Top 10 akademiese presteerders: Trofee en Top 10 Balkie<br>• Alle beste vordering toekennings word bepaal deur algehele gemiddeld - Kwartaal 1-4. Leerder moet slaag.<br>• Top presteerders: Beste algehele prestasie in elke vak: Trofee en geldelike vaktoekenning |

DEPARTEMENTELE SA-SAMS SKEDULES WORD GEBRUIK OM PRESTASIE/VORDERING TE BEPAAL. LEERDER MOET SLAAG.

**KULTUUR:**

Erkenning word slégs toegeken aan kinders wie se prestasie/sertifikate by die **KULTUURHOOF INGEHANDIG** en **GOEDGEKEUR** word.
Erkenning word slégs toegeken aan kinders wat deur hul optredes en prestasies aan die volgende vereistes voldoen:
Kunswedstryde wat in aanmerking kom vir eind-jaar prysuitdeling: Dell'Arte en Vivarté Eisteddfod. (Gelyke beoordeling word sodoende verseker met enkele optredes en geen uitdunrondtes nie.) **Slegs fisiese optredes.**

**KORE en SPREEKKOOR**

Toekenning gemaak op grond van bywoning en finale optrede.

**TOEKENNINGS:**

- 90-94%: Koor / Spreekkoor - lapelwapen
- 95-100%: Koor / Spreekkoor – Goue Balkie

**KUNSWEDSTRYD:**
Platforms wat erkenning by die prysuitdeling ontvang:

Dell'Arte en Vivante – hierdeur word verseker dat almal op dieselfde wyse beoordeel word met 'n enkel optrede.

Slegs fisiese optredes kwalifiseer vir toekennings.

**Items wat erkenning ontvang by die prysuitdeling:**

- Solosang – soos ingeskryf en afgerig deur die skool.
- Kuns-afrigting ontvang by die skool.
- Drama
  - Voordrag van gedigte / limerieke, ens.
  - Voorbereide- of onvoorbereide lees
  - Skryfkuns
  - Mimiek, improvisasie, monoloë, samesprake, verhoogprogramme
  - Advertensie & nuusverslag
  - Redenaars (alle) + Public Speaking

Let wel: redenaars wat by 'n KUNSWEDSTRYD deelneem word onder Kunswedstrydtoekennings getel.

BAIE BELANGRIK:

Kunswedstrydtoekennings word op grond van 'n evalueringskaal en puntetoekenning per jaar gedoen.
'n Spesifieke item / kunsprent word slegs 1 maal vir die toekennings erken (al was deelname by verskillende kunswedstryde).
Leerder moet aan ten minste 4 individuele items deelneem om in aanmerking te kom.
30 Punte volgens die evalueringskaal behaal = Lapelwapen
50 Punte volgens die evalueringskaal behaal = Goue Balkie

Evalueringskaal:

- 70% - 74% = 2 punte
- 75% - 79% = 3 punte
- 80% - 84% = 4 punte

- 85% - 89% = 5 punte
- 90% - 94% = 6 punte
- 95% - 100% = 7 punte
- Itemwenner = + 3 punte
- Afdelingswenner = + 5 punte

**DEBAT:**
Neem deel by Con Spirito kunswedstryd.

**TOEKENNINGS:**
1e rondte – Deelname Lapelwapen.
2e / 3e rondte – Silwer Balkie.
Plek behaal Nasionaal – Goue Balkie.
1e plek Nasionaal – Goue Balkie en Hoofdepenning

Beste prestasie tydens Kunswedstryd: Santjie Hofmeyr VerhoogTrofee (aangewys deur Kultuurhoof)

**Let Wel:** Alle deelnames by 'n Kunswedstryd t.o.v. instrumentaal, dans, sangsolos van sangstudios, fotografie, tik-tok video's word nie erken vir die prysuitdeling nie. Dis BUITE SKOOLVERBAND.

**REDENAARS:**
Individueel en span: Neem deel by Interskole en Radikale Redenaars
Afrikaans

- Leerders wat nie opdaag vir optredes nie verbeur alle toekennings.
- Deelname aan Interne kompetisie (individueel) is verpligtend.

**TOEKENNINGS:**

- Deelname Interne kompetisie: Deelname aan Redenaarskompetisie Gr 1-3 (sertifikaat)
- Deelname Gauteng/Radikaal Redenaars: Silwer Balkie
- Deelname Nasionaal: Goue Balkie
- Plek behaal Nasionaal: Goue Balkie en Trofee
- 1e plek Nasionaal: Goue Balkie en Penning

(Toekennings presies dieselfde vir spanredenaars en public speaking)

**TOP TOEKENNINGS:**
Junior Redenaar Trofee: Hoogste plek behaal
Senior Redenaar Trofee: Hoogste plek behaal
Span van die jaar: Toegeken slegs met optrede by verskillende instansies bv. Interskole, Radikale Redenaars, ATKV.
Barbara van Der Merwe Spanredenaars/Public Speaking Teams Wisseltrofee: Toegeken aan die span met deursettingsvermoë.

**PUBLIC SPEAKING:**

- Toekennings word op dieselfde basis as hierbo hanteer en gemaak.
- Deelname aan Interne kompetisie is verpligtend.

**EREKLEURE KULTUUR:**

- Leerders ontvang erekleure vir Kultuur as hy/sy vir 3 verskillende kultuuraktiwiteite balkies verwerf het waarvan een **Goud** moet wees. (Goue Skoolwapen, Goue KULTUUR balkie en Goue koord)

- Deelname aan 3 verskillende kultuursoorte in dieselfde jaar, bv. Voortrekkers, redenaars, kunswedstryd, koor. – Lapelwapen
- Kultuuraktiwiteite behels:
    - Kunswedstryd
    - Redenaars
    - Public Speaking
    - Spanredenaars
    - Public Speaking Teams
    - Debat

**SPORT:**

**LEERDERS KRY SLEGS DIE HOOGSTE TOEKENNING PER AKTIWITEIT DEUR HOM/HAAR BEHAAL. TOEKENNINGS WORD DEUR FINALE WEDSTRYD/BYEENKOMS/KOMPETISIE BEPAAL.**

Alle onderstaande sporttoekennings word toegeken op grond van die volgende vereistes:

- Laerskool Rynfield word verteenwoordig tydens byeenkomste / ligas.
- Sportspanne word deur Laerskool Rynfield in die onderskeie toernooie of ligas ingeskryf.
- Indien leerder tot span verkies is, móét hy/sy deelneem (slégs beserings is 'n verskoning om nie te speel nie).
- Indien 'n speler 'n span in die steek laat, bv. hou op deelneem deur die seisoen, word toekenning verbeur.
- Reserwes ingesluit.

**ATLETIEK:**

Vereistes:

90% bywoning van oefeninge en positiewe gesindheid

Atlete moet aan alle byeenkomste deelneem om vir toekennings te kwalifiseer

Indien Provinsiale vlak nie bereik word nie, word hoogste prestasie op die atletiekbaan in ag geneem.

Om in aanmerking vir enige Top Trofees te kom moet atlete ten minste TOP 3 by die D17 KAMPIOENSKAPPE plaas.

**TOEKENNINGS:**

- Interlaer groepwenner - Lapelwapen
- Groter Benoni deelname – Lapelwapen
- D17 deelname – D17 Lapelwapen
- Gauteng deelname – Silwer Balkie
- SA deelname – Goue Balkie en Trofee
- Victor en Victrix word op die Interlaer bepaal. - Trofee
- Junior naelloper seun en dogter van die jaar – Trofee
- Senior naelloper seun en dogter van die jaar – Trofee
- Middelafstande seun en dogter van die jaar – Trofee
- Gewigstoot seun en dogter van die jaar – Trofee
- Hoogspring seun en dogter van die jaar – Trofee
- Verspring seun en dogter van die jaar – Trofee
- Hekkies seun en dogter van die jaar – Trofee
- Skyfwerp en Spiesgooi seun en dogter van die jaar – Trofee
- Nie beperk tot sekere ouderdomsgroep nie.
- Beste Gr 7 middelafstand/landloop/padveldloop (Provinsiale deelname) – Hans Goosen WisselTrofee en replika
- Aflosspan: Gauteng deelname – Silwer<br>Gauteng Plek behaal – Goud<br>Gauteng Wenners – Goud en Trofee

**NETBAL:** (A en B –spanne)

Vereistes:

- 90% bywoning van oefeninge en finale wedstryd
- Minstens 75% van die wedstryde per seisoen moet gespeel word

**TOEKENNINGS:**

- A Liga deur na uitspele (Top 5) – Lapelwapen
- Gauteng uitspele Top 8 – Silwer Balkie
- Gauteng Wenners – Goue Balkie en Trofee
- Verkies tot Dorp/Distrikspan – Lapelwapen
- Verkies tot Ekurhulenispan – Silwer Balkie

- Verkies tot Gautengspan – Goue Balkie en Trofee

Netbalspeelster van die jaar – Trofee (gekoppel aan prestasie)

**RUGBY EN SEWES (AMPTELIKE LIGA):**

Vereistes:

- 90% bywoning van oefeninge en finale wedstryd
- Minstens 75% van die wedstryde per seisoen moet gespeel word

**TOEKENNINGS:**

**A- en B-spanne**

- Deur na uitspele – Lapelwapen
- Rugbyspelers verkies tot dorpspan (Benoni) – Lapelwapen
- Rugbyspelers verkies tot Ekurhulenispan – Silwer Balkie
- Valke naaswenners – Silwer Balkie
- Valke wenners – Goue Balkie en Trofee
- Rugbyspeler verkies tot Valkespan – Goue **Balkie** en Trofee
- Rugbyspeler van die jaar (slegs 0/12 of 0/13 spelers kwalifiseer) gekoppel aan prestasie – Trofee
- Gr 7 seun wat vir 1ste of 2de span speel nadat hy vir 3 jaar deel van die B-span was – wisseltrofee en replika

**SKAAK:**

Vereistes:

- 90% bywoning van oefeninge en positiewe gesindheid
- Toernooie buite skoolverband word nie in aanmerking geneem nie.

**TOEKENNINGS:**

- Deelname aan skoolspan en 90% bywoning – noem op sertifikaat (Gr 1-3)
- Ligawenners – Lapelwapen
- Ekurhuleni wenners / Ekurhuleni individuele spanne –Silwer Balkie
- Deelname aan skole skaak Provinsiaal/SA's – Goue Balkie en Trofee
- Junior skaakspeler van die jaar – Trofee (gekoppel aan prestasie)
- Senior skaakspeler van die jaar – Trofee (gekoppel aan prestasie)

**LANDLOOP:**

Vereistes:

- 90% bywoning van oefeninge en positiewe gesindheid
- Deelname aan 3 ligabyeenkomste

**TOEKENNINGS:**

- Gekwalifiseer vir die 3de liga – Lapelwapen
- Groter Benoni deelname - Lapelwapen
- D17 deelname – D17 Lapelwapen
- Provinsiale (Gauteng) deelname – Silwer Balkie
- SA Deelname – Goue Balkie en Trofee
- Landloop leerder van die jaar: Junior 0/7, 0/8;
- Landloop leerder van die jaar: Senior 0/9 tot 0/13 – Trofee (gekoppel aan prestasie)

**TENNIS**:
Vereistes:
90% bywoning van wedstryde en oefeninge en 'n positiewe gesindheid.
Toernooie buite skoolverband word nie in aanmerking geneem nie.

**TOEKENNINGS**:
- B, C, D Ligawenners – Lapelwapen
- A Liganaaswenners – Silwer Balkie
- A Ligawenners – Goue Balkie

**KRIEKET:**
Vereistes:
- 90% bywoning van oefeninge en wedstryde en 'n positiewe gesindheid
- Minstens 75% van die wedstryde per seisoen moet gespeel word

**TOEKENNINGS:**
- Deelname aan uitspele - Lapelwapen
- Krieketspelers verkies tot Benonispan – Lapelwapen
- Krieketspelers verkies tot Easternspan – Goue Balkie en Trofee
- Easterns Top 4 – Silwer Balkie
- Easterns wenners – Goue Balkie en Trofee
- Krieketspeler van die jaar – Trofee (gekoppel aan prestasie)

**HOKKIE:**
Vereistes:
- 90% bywoning van oefeninge en 'n positiewe gesindheid
- Minstens 75% van die wedstryde per seisoen moet gespeel word

**TOEKENNINGS:**
- Deelname aan uitspele/ligawenners – Lapelwapen
- Verkies tot Oos-Gauteng Oefengroep - Lapelwapen
- Verkies tot Oos-Gauteng – Goue Balkie en Trofee
- Oos-Gauteng Top 4 – Silwer Balkie
- Oos-Gauteng Wenners – Goue Balkie en Trofee
- Noordvaaldeelname – Goue Balkie en groot Trofee
- Hokkiespeler van die jaar – Trofee (gekoppel aan prestasie)

**GHOLF:**
Toernooie buite skoolverband word nie in aanmerking geneem nie.

- Deur na uitspele - Lapelwapen
- Ekurhuleni Top 3 – Lapelwapen
- Ekurhuleni Wenners – Silwer Balkie
- Ernie Els plek behaal – Goue Balkie
- Ernie Els Wenners – Goue Balkie + Hoofdepenning
- Verkies tot Ekurhulenispan – Goue Balkie en Trofee
- Gholfspeler van die jaar – Trofee (volgens puntesisteem)

**HENGEL:**

- Ligawenners – Lapelwapen
- SA deelname – Silwer Balkie
- SA wenners – Goue Balkie en Hoofdepenning
- Verkies tot SA skolespan – Goue Balkie en Trofee
- Hengelaar van die jaar (seun en dogter)– Trofee (volgens puntesisteem)

**CHEERLEADERS:**

**FDD**

- Provinsiale wenners – Sertifikaat

**SAMCA**

- Provinsiale wenners - Lapelwapen
- SA naaswenners – Silwer Balkie
- SA wenners – Goue Balkie en Trofee
- Provinsiale kleure – Goue Balkie
- SA Kleure – Goue Balkie en Trofee
- Cheerleader van die jaar – Trofee (volgens puntesisteem)

**EREKLEURE SPORT:**

- Leerders ontvang erekleure vir Sport as hy/sy vir 3 verskillende **SKOOL** sportaktiwiteite Balkies verwerf het waarvan een Goud moet wees. (Goue skoolwapen, Goue Sport balkie, Goue koord)
- Deelname aan 3 verskillende liga-sportsoorte in dieselfde jaar, bv. atletiek, rugby, krieket – Lapelwapen

**HEER- EN DAME TROFEE:**

- Slegs Gr 6 leerders kan verkies word
- Alle Gr 5 en 6 personeellede nomineer kandidate
- Gr 6 leerders en personeel stem vir nominante
- Betrokke Sport- en Kultuurafrigters stem vir leerders
- 5/6 Seuns en 5/6 dogters word genomineer
- Punte opsomming:
  40% stemming gr 5- personeel
  40% stemming gr 6- personeel
  10% Sport- en Kultuurafrigters
  10% stemming leerders
- Ontvang Trofees

**ANDER UITSONDERLIKE PRESTASIES: RYNFIELD TROFEë**
**Al die onderstaande prestasies word op sertifikaat (CV) vermeld.**

**KULTUUR:**
**Seun/Dogter**
Toppresteerder op kulturele gebied in Gr.7
Word streng uitgewerk m.b.v. 'n puntestelsel

**SPORT**
**Seun/Dogter**
Toppresteerder op sportgebied in Gr.7
Word streng uitgewerk m.b.v. 'n puntestelsel

**AKADEMIE**
**Seun/Dogter**
Toppresteerder op akademiese gebied in gr.7
Punte van Gr. 7 deur die leerder behaal word in aanmerking geneem
**Olimpiades:**
Slegs olimpiades met onderstaande strukture word in aanmerking geneem.

- Deelname vir dorp:Lapelwapen
- Ekurhuleni-Noord distrikdeelname: vermelding en Silwer Balkie.
- Gautengdeelname: Goue Balkie
- Top 10 Gauteng: Goue Balkie en Trofee

**DUXLEERDER**
Beste prestasie KULTUUR, SPORT, AKADEMIE in Gr 7.
Word streng volgens puntestelsel bepaal. (Veelsydigste)

**EREPENNING**
**EREROL**
Gr 7 leerder met akademiese gemiddeld van 90-100% aaneenlopend Gr 4-7
Naam op ererol en erepenning.

**HOOFDEPENNING:**
Jaarliks word daar vir uitnemende prestasies op enige terrein 'n sekere aantal pennings toegeken **(HOOGSTE TOEKENNING)**

- Erekleure akademie, sport, kultuur in een jaar
- Aktiwiteite moet deur skool aangebied word
- Nie beperk tot graad nie.
- Nasionale **WENNERS BINNE** skoolverband, m.a.w. slégs skoolaktiwiteite.

**BELANGRIK:**
By alle pennings wat toegeken word moet die kriteria van toekenning gespesifiseer word en op die Prysuitdeling genoem word.

Prysuitdelingbeleid kan deur Prysuitdelingkomitee gewysig word in uitsonderlike gevalle.

**ALGEMEEN**

- Leerders wat a.g.v. 'oor ouderdom' aan hoërskool aktiwiteite deelneem, word vereer by die hoërskole.
- Nuwe leerders vanuit ander skole: Prestasies word vergelyk met Laerskool Rynfield se prysuitdelingsbeleid en bepalings word daarvolgens gemaak. Prestasies langer as drie jaar terug word nie in ag geneem nie.

**Goedgekeur deur SKOOLBESTUUR /PRYSUITDELINGKOMITEE tydens 'n vergadering Desember 2025**

Skoolbestuur: ____________________ Prysuitdelingkoördineerders: ____________________